



Boran kraai koning op slagos-kompetisie

Die Boran-ras het eiesoortige eienskappe wat 'n beesboerdery se wingewendheid aanhelp. In die geval van die Jabea-stoetery bring dit hom ook 'n prys in die sak.

Slagosgehalte is vir die Boran-beestelersgenootskap 'n belangrike aspek om 'n wingewende beesboerdery te vestig en om doeltreffend met dié ras te boer.

Dat sy slagosse van die beste in Suid-Afrika is, is vanjaar bewys toe mnr. Danie Strydom van die Jabea Boran-stoetery, naby Kroonstad, die enkelkarkasafdeling en die beste groep van vier karkasse op die slagos-interraskompetisie van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) gewen het. Dit is die tweede keer in die bestaan van die kompetisie by die Alfa-ekspo dat die Boran-ras die interrassafdeling wen.

SÓ WERK KOMPETISIE

Al die vleisbeesrasse het die geleentheid om aan die interraskompetisie deel te neem.

Tydens die kompetisie neem telers hul diere direk van die plaas na enige van die 12 voorgestelde abattoirs in die nege provinsies om te slag. Wenners word dan per abattoir, provinsie, ras en nasionaal in die afdelings vir enkelkarkas en beste groep van vier karkasse aangewys.

Die kompetisie vind volgens die reëls van die Suid-Afrikaanse vleisbedryfsmaatskappy (Samic) plaas. Spesiale vergunning is gegee om 'n superosklas (karkasse swaarder as 300 kg) in te stel sodat laatryprasse op gelyke

voet kan deelneem.

Karkaskonformasie- en vetverspreidingstandaarde (ook volgens Samic-standaarde) is toegepas. Die gewigsbeperking vir die normale karkaskompetisie was 290 kg-karkasgewig. Die osse moes ongewissel wees (A2-A3) en die beste van drie in die groep van vier se punte is gebruik.

DIÉ BORANS BLINK UIT

Drie van Strydom se karkasse het A2 uitgeslag met 'n gemiddelde gewig van 243,33 kg. Een karkas het A3 uitgeslag met 'n gewig van 312 kg (**TABEL**). Omdat die gewigsbeperking vir

DIÉ SLAGOSSE van mnr.

Danie Strydom is op pad na die slagpale tydens die slagos-interraskompetisie van die RPO. FOTO: VERSKAF



die normale karkaskompetisie 290 kg was, het hierdie spesifieke karkas dus nie vir die karkasafdeling in aanmerking gekom nie, maar wel vir die interraskompetisie.

Strydom het in 2010 vir die eerste keer met die Boran kennis gemaak. Hy sê sy keuse het op dié ras geval danksy die kleiner koeie wat lae onderhoud verg, jaarliks kalwers produseer en 'n goeie wins lewer. Hy wou spesifiek met 'n ras boer wat sy boerdery volhoubaarder maak. Die Boran is 'n



Van die Borans wat op die produksieveiling van mnr. Danie Strydom in Februarie volgende jaar aangebied gaan word. Sy Borans het vanjaar op die slagos-interraskompetisie van die RPO met die louere weggestap. FOTO: VERSKAF



Dié dam voorsien deur die jaar groenvoer aan die Jabea Boranstoetery naby Kroonstad en help baie om die diere goedkoop af te rond. FOTO: VERSKAF



Mnr. Danie Strydom (derde van links) ontvang sy prys as wenner van die RPO se slagos-interraskompetisie. By hom is, van links, mnre. Zippo Lamprecht (raadslid van die Boran-beestelersgenootskap), Jan Hendrik Liebenberg (ondervoorsitter van die RPO Vrystaat), me. Chrissie Strydom, mnr. Christopher Havenga (tegniese adviseur van die Boran-beestelersgenootskap) en mnr. Albert Loubser (Alfa-ekspo). FOTO: JOHAN NORVAL

mediumgrootte vleisbeeras, wat beteken Strydom kan meer koeie op 'n kleiner oppervlakte aanhou as wanneer hy met 'n grootraamras sou boer.

Al Strydom se bulle ondergaan veld- en voeromsettingstoetse, waarna ongeveer 25% daarna vir teling gebruik word. Ná die veld- en voeromsettingstoetse is die bulle gereed vir bloktotse. Hy het dus nie nodig gehad om spesiaal vir die karkaskompetisie te voer nie.

Volgens Strydom glo hy in die regte teelbeleid, asook die Boran se vermoë om op die veld uit te groei. “Die Boran se goeie bespierung maak hom 'n uitblinker.”

Vir hom doen die genootskap se slagspreuk: “God’s gift to cattleman” die ras gestand.

Die moeders van Strydom se

UITSLAGGEWIG VAN BORAN-KARKASSE		
	Graad	Koue gewig (kg)
Karkas 1	A2	241,50
Karkas 2	A2	239,40
Karkas 3	A2	249,10
Karkas 4	A3	312,00

wenbalkalwers het die kalwers self gespeen.

Die kalwers het verlede somer in 'n trop geloop. Daarna is hulle na groen somerveld met 'n produksielek geskuif.

In Mei en Junie het hulle 1% van hul liggaamsgewig van 'n fase D-bulrantsoen op natuurlike weiding ontvang.

Ongeveer 65 dae voor die beoogde slagdatum is hulle op die veld met 'n volvoerrantsoen gevoer. Die laaste 65 dae was die inname 2% van hul liggaamsgewig. Hulle is op 20 maande geslag voordat hulle gewissel het.

WENNERS SE EIENSKAPPE

Die Boran-beestelersgenootskap sê hierdie prestasie is net nog 'n bewys van die ras se uitstekende en unieke eienskappe. Kenmerke wat uitstaan, is:

- Uitstekende keuse vir kruisteling en as moederlyn.
- Basterkrag word ten volle benut uit hierdie ideale moederlyn.
- Doeltreffende omsetting van swakgehalte-ruvoer in kilogramme vleis.
- Vroeë volwassenheid, hoogs aanpasbaar, gehard, langlewend en bied uitstekend weerstand teen bosluisverwante siektes.
- Goeie temperament met 'n sterk kudde-instink.

Hierdie Afrika-Zeburas is goed aangepas in Suid-Afrika se moeilike omgewings- en

klimaatstoestande en funksioneer doeltreffend in uiterste toestande. Vir die genootskap is hierdie kompetisie weer eens 'n bewys dat die ras sy plek in die beesbedryf vol staan.

Die genootskap meen die Boran is die pad vorentoe vir die boer wat sy beesboerdery suksesvol wil maak. Die telersgenootskap en ondersteuners van die ras is trots op die Jabea Boranstoetery en die bydrae wat Strydom tot die ras lewer.

Strydom hou sy tweede produksieveiling op 19 Februarie 2022 by Kroonboma, Kroonstad. **LBW**

NAVRAE: Me. Yolanda Venter, bestuurder van die Boran-beestelersgenootskap, **051 410 0961**, e-pos: **yolandav@boran.org.za**; mnr. Danie Strydom, **082 410 3455**, e-pos: **strydomdaan@gmail.com**

